RAADSBELEID

ONDERWERP : GEBRUIK VAN DIE SAAL EN SPORTGERIEWE BY DIE EILAND VAKANSIEOORD

VERWYSING : 17.7.3.1.1.1

BESLUIT NR : 16.6/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die gebruik van die saal en geriewe by Die Eiland Vakansieoord, op ‘n geordende wyse beskikbaar te stel.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om geleentheid vir ontspanning en sosiale samesyn te bevorder.

RIGLYNE

1. TOELAATBARE GEBRUIKE/BEDRYWIGHEDE IN DIE SAAL

1.1 Vir gebruik as eetsaal of vir aktiwiteite deur groepe wat die groepsakkommodasie huur, indien benodig.

1.2 Vir die aanbied van seminare, kongresse en vergaderings vanaf **08:00 tot 20:00.**

1.3 Vir die aanbied van huweliksonthale, toepaslike sport, sosiale geleenthede of enige ander byeenkoms wat deur groepe georganiseer word wat minstens **10 wooneenhede** by Die Eiland Vakansieoord huur.

1.4 Deur die Raad, vir die aanbied van:

1. Ontspanningsaksies wat op besoekers van die vakansieoord (dit wil sê nie vir die algemene publiek toeganklik is nie) gemik is, met die spesifieke beperking van danse, sokkiejolle en disko's tot een geleentheid per week, wat nie ná middernag mag aanhou nie.

2. Byeenkomste insluitende seminare, vergaderings of enige ander geleentheid wat deur die Raad gereël word.

1.5 Die besoekers aan die vakansieoord vir die beoefening van enige ontspanningsaktiwiteit waarvoor die saal geskik en toegerus is.

1.6 Deur die huurder van Die Eiland Kiosk as eetsaal vir groepe.

2. TENNISBANE
Vir gebruik deur besoekers aan Die Eiland Vakansieoord.

3. ROLBALBAAN
Vir gebruik deur besoekers aan die vakansieoord en algemene publiek.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Die bespreking vir die gebruik van die saal en/of geriewe in die saal moet by die Bestuurder : Oorde of sy/haar personeel deur hom/haar aangewys, gedoen word.

2. Die tennisbane mag gebruik word teen betaling van die voorgeskrewe fooie en besprekings van die bane en betaling word by die diensdoende hekwag gedoen.

3. Die rolbalbaan mag slegs gebruik word nadat vooraf reëlings met die Hoof Parke getref is en teen betaling van die voorgeskrewe fooie.

4. Alle ontvangste sal op die wyse en volgens prosedures deur die Oudit Regulasies voorgeskryf, hanteer word.

5. Die normale dagbesoekerstarief is deur alle gaste betaalbaar, met die uitsondering van gaste wat byeenkomste bywoon wat deur die Raad gereël is.

ROLLE

Die Bestuurder : Oorde, Toerismebeampte en Assistent-Toerismebeamptes.

VERWANTE BELEID

Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in die verband herroep word.